

Vrydag 5 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 38

Fokusgedeelte: Psalm 38:1 (AFR53)

O Here, straf ons tog nie in u toorn nie!

Die ramspoed wat Dawid in ons gelese gedeelte beleef het, is miskien deur mense aangerig, maar hy was verstandig genoeg om te besef dat hy in hierdie ramspoed eintlik met God te make het; dat God besig was om hom daardeur te tugtig. Hy skryf egter nie alleen die ellende wat oor hom kom aan God toe as tugtiging nie, maar hy besef ook dat dit die regverdige vergelding vir sy sonde is. Die Psalm leer ons opnuut dat God nie 'n wrede regter is nie, maar dat Hy die volle reg tot teregwysing en tugtiging het. Hy is die regverdige Regter en daarom wreek Hy Hom oor die sonde.

Waar Dawid dan toegee dat hy tereg getugtig word, smee hy God om nie met hom te handel volgens die strengste wetgewing nie. Hy kla nie teenoor God nie, maar vlug juis tot God. Hy weier nie heeltemal die straf nie, want dit sal onredelik wees; en om daarsonder te wees, het hy geoordeel, sou vir hom meer kwaad as goed gewees het; maar hy is bang vir die toorn van God. Hy bely eintlik hier: "Here, ek verdien om vernietig te word, maar omdat ek die erns van u toorn nie kan dra nie, handel tog nie met my volgens wat ek verdien nie, maar vergewe genadiglik my sondes waardeur ek u toorn teen my uitgelok het."

Laat ons so dikwels as ons deur teëspoed onderdruk word, weer opnuut besef dat ons alleenlik deur Christus in vrede met God gebring kan word. Deur sy borgtogtelike liefde kan ons ons oë van die wêreldse verdrukking afwend en fokus op die ewige heerlijkheid wat op ons wag. Mag ons, gelei deur die Heilige Gees, van watter kant ook al ons verdrukking kom, ons gedagtes onmiddellik tot God rig en Hom as die Regter erken.

Sing: Psalm 38-1:1, 17

Ds. JN Hibbert (Josef) (Pietersburg-Noord)